# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXVI NOMMER 1 23 JANUARIE 1981


## Sport nou goedkoper

**Van vanjaar af is dit nie meer nodig om apart by elke sportklub te registreer nie. Dit is nou moontlik om algemene sportregistrasiegeld te betaal. Dit bring 'n aansienlike besparing mee — veral vir studente wat, sosiaal of kompeterend, aan meer as een sportsoort wil deelneem.**

Die vorige stelsel kan egter nog gebruik word: By elke sportklub moet tien rand betaal word en twee paspoortfoto's verskaf word. Die gebruik van die atletiek-, muurbal-, snoeker-, en saunafasiliteite sal volgens hierdie stelsel dus veertig rand en agt paspoortfoto's kos.

Volgens die nuwe stelsel moet tien rand algemene sportregistrasiegeld betaal word plus twee paspoortfoto's en een rand per sportsoort. Vir dieselfde sportsoorte as wat hierbo genoem is moet dus veertien rand en agt paspoortfoto's betaal word.

As algemene sportregistrasiegeld betaal word kan sauna-, snoeker-, gimnasium-, muurbal-, tennis-, atletiek-, hokkie-, vlugbal-, rugby-, pluimbal-, en alle ander fasiliteite gebruik word.

Alle eerstejaars kan die registrasiegeld op 27 Januarie by die sportregistrasietafel voor die inligtingshokkie in die studentesentrum betaal.

# PU het vanjaar semesterkursusse

**DIE PU vir CHO bied van vanjaar af sy kursusse op 'n semester/jaarstelsel aan. Kursusse wat hulle daartoe leen word verdeel in afgeronde semesterkursusse, terwyl ander steeds as jaarkursusse aangebied word.**

Die semesterstelsel stel die student in staat om meer sinvolle kursussamestellings te doen omdat hoofvakke en beroepsinrigtings beter gesteun word deur tersaaklike semesterkursusse as deur jaarkursusse wat 'n te wye veld dek.

Kursuseenhede is in verskillende jaarvlakke verdeel, afhangende van die 'moeilikheid' daarvan. 'n Eerste graad of diploma word saamgestel volgens 'n bepaalde aantal kursuseenhede wat oor drie of vier vlakke versprei is. Hierdie kursusse moet onderskeidelik in minstens drie of vier jaar voltooi word en 'n student nie langer as vyf of ses jaar neem nie.

Vir 'n driejarige graad word gewoonlik twee hoofvakke vereis, asook die minimum totale krediet. Elke kursuseenheid het 'n bepaalde kredietpunt, wat vasgestel word op grond van die aantal lesingperiodes per semester of jaar. 'n Student moet jaarliks ongeveer honderd kredietpunte verwerf.

'n Semester- of jaarpunt van minstens veertig persent, saamgestel uit toetse, praktika, referate, ens., word vereis om eksamen af te lê in 'n kursuseenheid. Vir eerstevlakkursusse in die eerste semester word vyf en dertig persent vereis: Om 'n kursuseenheid te slaag moet 'n finale punt van vyftig persent, bereken uit die eksamenpunt en die semester- of jaarpunt, behaal word.




Koshuiskompleks, Potchefstroomse Universiteit *vir Christelike Hoër Onderwys.*

● *'n Blik op die koshuiskompleks: Wag-'n-bietjie is links en Vergeet-my-nie regs.*

## Koshuis jou nuwe tuiste

Die koshuis waarin jy hier op die Puk is, is nou jou nuwe tuiste en juis daarom moet elkeen probeer om die koshuislewe vir hom/haarself so aangenaam moontlik te maak. Die Huiskomitees besef dit maar net te goed en daarom word daar interaksies tussen mans- en dameskoshuise gehou en word daar ook ander uitstappies gereël soos byvoorbeeld ysskaats of word daar sommer so intern bietjie vleisgebraai.



● *'n Paar studente knoop 'n geselsie aan by die spuitfontein in die studentesentrum.*

# Koshuise kry nuwe geriewe

**DAAR is 'n hele paar nuwighede in die koshuislewe wat die inwoning so gerieflik as moontlik maak. Wasoutomate en tuimeldroërs word in al die komplekse geïnstalleer sodat elke student sy wasgoed daar kan was. Sentrale eetsaal en Voorhuiseetsaal kry meer bedieningsfasiliteite om vinniger bediening te verseker. Alle etes sal voortaan volgens kafeteriabediening plaasvind. As fondse dit toelaat sal daar ook verder aandag gegee word aan die verbetering van geriewe, voedselbereiding en -voorsiening.**

Met die eerste oogopslag word die koste van inwoning gewoonlik as te duur bestempel. As die R950 egter ontleed word lyk dit anders: vir 260 dae word drie etes per dag en 'n kamer met alle bykomstighede voorsien — vir R3,65 per dag. Selfs die rente en kapitale delging, op koshuisgeboue moet hieruit betaal word.

Navorsing word voortdurend gedoen om die beste waarde teen die laagste koste aan inwoners te verseker. Die koshuise beskik oor 'n eie slaghuis en 'n sentrale groenteverwerkingseenheid waar gehalte en keurigheid die wagwoord is.

Gedurende 1981 word die eerste fase van die nuwe manskoshuis voltooi. Die nuwe koshuis sal huisvesting aan vyfhonderd mans in gerieflike en aantreklike kamers bied. 'n Ultramoderne eetsaal- en kombuiskompleks sal voorsien in die behoeftes van Caput, Hombré en die nuwe eenheid.

Die koshuise sal vanjaar waarskynlik ten volle beset wees. Meer as 3 200 studente het reeds plek bespreek: 1922 dames en 1323 mans.

Vanweë die baie besprekings moes die bepaling dat studente wat druip hulle plekke verbeur strenger toegepas word as in die verlede.

## SSR-voorsitter groet nuwe Pukke

**HARTLIK welkom op ons mooi kampus, nuwe Pukstudente. Die vreemde geboue, omgewing en mense sal aanstons ook van jou 'n onafskeidbare deel wees vir 'n aantal jare. Dis bepaald vir jou, soos vir al die ander studente van die PU vir CHO, 'n voorreg om deel te wees van hierdie kampus. Die Puk-kampus het 'n lang geskiedenis van baie roemryke punte, maar ook van tye van beproewing en swaarkry. Dit alles het daartoe bygedra dat ons meer as net bewus is van ons ideaal om ons hele lewe in Die Lig te beoefen.**

Hierdie feit gee terselfdertyd aan jou die rede waarom ons georganiseerde studentelewe met sy 110 verenigings vonkel van lewenslus en lewensvreugde; of waarom daar soveel pret in is om in een van ons 19 koshuise te bly; of waarom die Pukgees landswyd so hoog aangeslaan word. Daarom is die studentejare nie een lang vermoeienis nie, maar een stuk uitdaging en vreugde op die ander.

Dit sal jy beleef met karnaval as jou koshuis se vlot ongelooflik mooi lyk na al die laatnagte om betyds klaar gebou te kry, en as jy tydens intervarsity op die pawiljoen sit tussen letterlik duisende ander Pukke en hoendervleis kry omdat die Pukke so lekker kan sing.

Dan het ons nog nie eers gepraat van laatnag-sang, van braaivleis by die koshuis, van die langste en mooiste eikelaning in die land, en van die vele vriendskapsbande met medestudente nie!

Nuwe Pukstudente, namens die studentegemeenskap van die Puk: hartlik welkom! Mag jy só deel word van die Puk soos wat duisende ander dit reeds was; mag die Puk so deel word van jou dat jy die lief en leed van die studentetyd as kosbare herinnering nog baie lank in jou hart sal dra — soos wat dit 'n Puk in murg en been betaam!



● *Jan-Louis du Plooy, voorsitter van die studenteraad.*

die WAPAD

## ● Geleenthede

Studente aan die PU vir CHO het unieke geleenthede wat ten volle benut moet word in die relatief kort tydjie wat hulle hier is — veral waar dit so maklik is om van die begin af in die stroom van onbenullighede verlore te gaan. Studentepret is nodig, maar die benutting van vormingsgeleenthede is noodsaaklik.

Die belangrikste is natuurlik akademie — wat nie net gereelde klasdraf en inhandiging van werkstukke beteken nie. In so 'n akademiese milieu kan akademiese aktiwiteit en produktiwiteit verhoog word deur die uiterste benutting van biblioteekfasiliteite en hulpdienste soos die versnelling van leestempo, verbeterde studiemetodes, oplossing van sosiale probleme, ensovoorts wat die Insituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste aanbied.

Die akademiese sfeer bied ook vele ander geleenthede op akademies-kulturele gebied wat die student verryk en bekwaam vir die res van sy lewe. Daarom is dit onvergeeflik om nie gereeld aan aanbiedings van byvoorbeeld die konservatorium, IBC, Sentrum vir Internasionale politiek, avontuurklubs, vermaaklikheidsgroepe, akademiese verenigings, kunsverenigings, sportklubs, maatskaplike diensorganisasies, ensovoorts deel te neem of by te woon nie.

Die nuwe student wat veral in die eerste rukkie op universiteit probleme ondervind met oriëntering in sy nuwe omgewing kan hom ook wend na sy voogdosent, huisvader of huiskomitee- en Studenteraadslid wat sy belange op die hart dra.

## ● Probleme

Die universiteitsopset is struktureel netjies ingerig om behoeftes te bevredig en probleme te help oplos op die mees toeganklike manier. Studente kan byvoorbeeld met enige probleem by die Studenteburo gaan aanklop. Hulle sal óf self die probleme oplos óf verwys na gespesialiseerde hulp.

Die nuwe student wat veral in die eerste rukkie op universiteit probleme ondervind met oriëntering in sy nuwe omgewing kan hom ook wend na sy voogdosent, huisvader of huiskomitee- en Studenteraadslid wat sy belange op die hart dra.

# 50% Pukke in koshuise

**DIE Raad van die PU vir CHO plaas 'n hoë premie op die koshuise en die gesinskarakter van die universiteit. Omdat die PU nie 'n streeksuniversiteit is nie, is die koshuise nie 'n aanhangsel nie maar 'n noodsaaklike deel van die geheel. In vergelyking met ander universiteite huisves die PU in verhouding tot die totale aantal studente die meeste studente — ongeveer vyftig persent.**

Volgens mnr Dirk Coetzee, hoof van koshuisadministrasie, bied koshuisinwoning in ons gejaagde en individualistiese tydsgees aan die student die geleentheid om te skaaf aan sy opvoeding en persoonlikheid. Dit dra by tot die vorming en voorbereiding van die hele lewensterrein en is onmoontlik om ooit te verget.

Huisouers en kamermatrones poog om die standaard van inwoning so na as moontlik aan die van die ouerhuis te bring.

Huiskomiteelede gee aandag aan studiehulp, sportbeoefening en ander koshuisaktiwiteite. Koshuisgees word gebou deur onder andere interkoshuiskompetisies.

Koshuisstudente het deur middel van Koshuisraad, 'n onderliggaam van die Sentrale Studenteraad, inspraak in koshuisaangeleenthede.

Die kwessie van algemene gedrag en dissipline in die koshuise het die afgelope tyd begin kommer wek by die Raad en sal vanjaar sekerlik dringend aandag geniet omdat dit so 'n groot invloed het op die studies en studiegeleenthede van elke koshuisinwoner.



● *Een van die nuwe wasmasjiene word afgelaai. Van vanjaar af word al die koshuiskomplekse toegerus met wasoutomate en tuimeldroërs.*

# *Oriëntering: hoekom hoe?*

*— Izak Minnaar —*

**DAAR word baie oor die oriëntering geskryf en gepraat — dit het sy positiewe en negatiewe aspekte. Ek wil hier poog om die standpunt van die universiteit en veral die studenteraad teenoor oriëntering te verduidelik. Dit word gedoen aan die hand van 'n stuk wat deur die Studenteraad opgestel is oor die doel van en beleid ten opsigte van oriëntering.**

**Roeping**

Die doel van oriëntering is drieledig: eerstens om die eerstejaarstudente bewus te maak van sy besondere roeping en verantwoordelikheid aan die PU vir CHO met betrekking tot akademie, studentelewe en uitlewing as Christen. Die eerstejaarstudent moet kennis maak met die gees en karakter van die Universiteit.

Die huidige rektor het dit so gestel: "Onvoorwaardelik Christelik. Onbeskaamd Afrikaans. 'n Akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms. Dit is die gees, die karakter, die roeping van die PU vir CHO vir hierdie tyd waarin ons lewe."

Die Universiteit is 'n gemeenskap met 'n gesinskarakter wat ingestel is op diens: navorsing, kennisontginning, -versameling en -bewaring. Ook diens deur kennisoordrag, onderrig en opleiding.

**Lojaal**

Oriëntering se doel is tweedens om die eerstejaarstudent lojaal te maak teenoor die PU vir CHO en die gemeenskap waarin hy lewe. Dit sluit in om van hom 'n gelukkige en waardige koshuisinwoner te maak.

**Hulp**

Derdens wil oriëntering die eerstejaarstudent help om rigting en koers te kry op die nuwe kampus ten opsigte van keusemoontlikhede op die gebied van die akademie sowel as studente lewe, geboue en lokale, tradisies (wat nie in stryd is met die doel en beleid ten opsigte van oriëntering nie) en die gesagshiërargie (akademies en studentelewe). Laasgenoemde hou in dat geen senior afdwingende gesag teenoor enige eerstejaarstudent het nie, behalwe vir die afdwinging van goedgekeurde eerstejaarspligte, nl telefoondiens, die omruil van lakens en die haal van tee of koffie tussen stiltetye.

Die doel van alles is dus om die eerstejaarstudent in te burger en te laat tuis voel in sy nuwe gemeenskap.

**Beleid**

Die studenteraad het beleidsriglyne neergelê wat veral betrekking het op die behandeling van eerstejaarstudente:

● Die uitgangspunt van oriëntering is die uitleef van jou Christelike roeping. Die maatstaf is naasteliefde.

● Aanvaarde norme van welwillendheid en welvoeglikheid mag nie verontagsaam word nie. Skel, vloek en laster dwing nie respek af nie en is nie toelaatbaar nie.

● Die eerstejaarstudent moet gehelp word om sy nuwe situasie ten volle student te wees.


● 'n Eerstejaarstudent mag nie in sy persoonlikheid gekrenk word nie — dit is negatief om hom as objek van pretmaak te sien.

● Eerstejaarstudente mag nie fisies aangerand word of enige opdrag tot fisiese aktiwiteit ontvang van enige persoon behalwe die HK-lid wat daarvoor verantwoordelik is nie.

● Alle oriënteringsaksies moet gerig wees op die opbou en positiewe inskakeling van eerstejaarstudente.

**Probleme**

As 'n eerstejaarstudent enige probleme ondervind gedurende oriëntering moet hy dit met sy huiskomiteelid bespreek, of anders met 'n studenteraadslid of sy huisvader.



*DIE Sterrekundevereniging maak van die PU se teleskoop op die dak van die Natuurwetenskappegebou gebruik om in 'n gesellige atmosfeer die lede se kennis oor die heelal uit te brei. Daar word ook studiegroepe gehou en besoeke aan die planetarium in Johannesburg gebring.*

*Die Universiteit het 'n 12 dm Newton-Cassegrain reflektor met 'n 4 dm refraktor wat parallel aan die reflektor geheg is. Daar is 'n kyker om mee te mik en die teleskoop is elektronies beheerbaar. Enige ster of planeet kan oombliklik in die sigveld gekry word as die koördinate bekend is.*

*Op die foto verskyn Barend Ostendorf, voorsitter van die vereniging, by die teleskoop.*

# Karnaval — 'n hoogtepunt

**KARNAVAL, die hoogtepunt van elke jaar. Maar wat behels dié Karnaval-houery nou eintlik? Daar word vlotte gebou, reklamesette deur elke koshuis gehou, daar word op sportgebied onder mekaar meegeding, beroemde en interessante persoonlikhede besoek die kampus, daar is 'n vlot-optog en 'n trapkarwedren. Stalletjies word ook gebou om aan te pas by die tema van die jaar se Karnaval. So terloops, hierdie jaar se tema is Amajuba.**

Elke Puk maak hom of haar so gou as moontlik slaggereed vir Karnaval deur sy karnaval T-hempie aan te skaf. Vanjaar pas die hempie soos gewoonlik by die karnavaltema aan. Die hempie is dan netsoos die PUKKIE, PUK se karnaval blad, 'n blitsverkoper. PUKKIE-verkope sorg ook elke jaar vir groot pret tydens besoeke aan ons naburige dorpe en stede.

Die vlotbouery is maar seker die lekkerste en as dit lyk of die vlot nie betyds gaan klaar wees nie, word daar sommer 'n hele paar nagte dwarsdeur gewerk om te doen wat gedoen moet word voor die groot dag van die beoordeling. Die gebouery is darem nie net werk nie, die koshuise hou hulle eie vermaak vir diegene wat liewer wil kuier as werk. Pannekoek word gebak, tafeltennis en ander speletjies word gespeel.

**SGD**

Hoewel daar baie studenteinisiatief in Karnaval na vore kom en studentepret die gevolg is, is dit nie al waaroor dit by Karnaval gaan nie. Die fondse wat met Karnaval ingesamel word, is die voedingsaar van SGD. SGD sou niks meer as ongekoördineerde en sporadiese gemeenskapsdiens gewees het as dit nie vir Karnaval se fondse was nie.



● *Só met die hand op die hart is die kêrel ook betrokke by die vlotbou. In sy onvoltooide stadium lyk elke vlot maar een of ander tyd na 'n chaos.*

# Studenteraad is belangebehartigend

**— Fanie Venter —**

Die Sentrale Studenteraad (SSR) van die PU vir CHO is anders as die ander in die RSA — dit is nie verteenwoordigend nie, maar belangebehartigend.

'n Verteenwoordigende studenteraad verteenwoordig die standpunt van die massa — die gesag is dus in die hande van die studentemassa. Die PU se SSR is belangebehartigend omdat ons glo dat gesag van bo gegee is. Hoewel die SSR van die studentemassa se standpunt kennis neem, lê die finale gesag by die studenteraad.

Die SSR is die oorkoepelende gesagsliggaam oor die georganiseerde studentelewe. Hul belangrikste taak is koördinering en leidinggewing.

Daar word onderskei tussen ses belangegroepe: Akademies, Korps, Kultuur, Koshuis, Polities en Sport. Uit elke groep of raad word twee SSR-lede verkies en uit die oorblywende komitees drie. Die gekose lede moet die belange van sy groep in die SSR behartig.

In die Puksakboeke (verkrygbaar by die inligtingsburo in die studentesentrum) is die name en portefeuljes van die SSR beskikbaar.

*Vir al u:*

- STUDIEBOEKE
- SKOOL- EN SKRYFBENODIGDHEDE
- VULPENNE
- LEERTASSE
- GESKENKE
- VLAKDRUKWERK
- BLADMUSIEK

Besoek ons eerste en wees verseker van goeie diens!

**Pro Rege-Pers Bpk.**

Die boekhandelaars wat op hoogte is

POSBUS 343 TELEFOON 8875

4 TOMSTRAAT 86, POTCHEFSTROOM

**Die Student se Bank.**



**As student is jy voor in ons boek.**

5 Kyk net na ons dienste vir studente: Spaarrekeninge; Laekostetjekrekeninge; Versekering; 'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat. Kom gesels gerus met ons.

BARCLAYS

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

**SAAMBOU-NASIONAAL**

HET
TIEN
SPESIALE SPAARVOORDELE
VIR STUDENTE


SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING — U GELDVRIEND VANDAG EN MÔRE

6 **Bulttak:**
Tomstraat 98

**Potch Health Studio**

- Liggaamsbou
- Verslanking
- Fiksheid
- Sauna

7 Uitsig Arkade, Tomstraat, Tel: 6846




**Bult Portuguese Market**

- Vrugte
- Lekkers
- Koeldrank
- Vriendelike diens

8

**Bult Garage**

U vriendelike Shell diensstasie en motorhandelaars naaste aan die Puk. Besoek ons vir al u benodigdhede.

9 **H/v Tom en Von Wiellighstrate.**

**Bult Droogskoonmakers**

10 (Uitsig Arkade verby Volkskas)

Wens alle studente 'n voorspoedige akademiese jaar toe.

**CACHET APTEEK**

11 Tomstraat 92, Die Bult

*Vir alle aptekersware, massastelle en dissekteerstelle.*

**Harold's Haarkappers en Pandwinkel**

15

Die naaste manshaarkappers aan die Puk.
Kom probeer 'n pand vir 'n rand.

**Von Wielighstraat 44**
**Tel: 6291**

**N.G. Kerkboekhandel Tvl.** 13

Vir al u skryfbehoeftes, teologiese en ander voorgeskrewe boeke.

**Tomstraat 98 — Tel: 7401**

**Sanet's Health Shop**

Verslankingsmasjiene — Unieke resepte
Dieetvoedsels — Gesondheidsvoedsels
Natuurlike voedsels — Vegetariese voedsels
Natuurlike skoonheidsmiddels

14

**Malherbestraat 42 — Tel: 5444**

12



**Jy weet wat jy in 'n bank soek. Maar wat soek 'n bank in jou?**

NEDBANK

## Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel. 4261

1

**MONTANA SPUR STEAK RANCH**

TEL. 2-1018 POTCHEFSTROOM

- 100% biefburgers
- Kom net soos jy is
- Goeie, vriendelike diens



Tel 21018
H/v Rivier- en Lombardstr.

2

## WESPRINT

DRUKKERS VAN:
Handboeke
Diktate
Jaarblaaie
Tesisse
Verhandelings
Nuusbriewe
Skryfbehoeftes
ens
*TELEFOON 7754*
*Lombardstraat 45 - Potchefstroom*

3

## Turkstra Bakkery

*Die tuiste van fyngebak.*
Kerkstraat 61
Potchefstroom — Tel. 5341

18

## Lewis & Van Heerden Apteek

Vir
- Fotografiese benodigdhede
- Skoonheidsmiddels

17

Kerkstraat 133 — Tel. 3656

## JUICY LUCY

Oop van 9 tot 9 vir die lekkerste kos en vrugtesap wat jy jou kan bedink!

Checkerssentrum

16

## PROTEA PADKAFEE

- Wegneemetes

15

Lombardstraat 1, Tel: 6477

## J P Botha Apteek

14

- Orlane
- Clinique
- Yardley
- Revlon
- Femia
- Rimmel


Checkerssentrum, Tel: 2445/6

## Potch Drankwinkel

13

- Yskoue bier
- Afslag op groot aankope
- Glase en ys beskikbaar

H/v Lombard en Rivierstrate, Tel. 8701.



12



## Die lekkerste Braaiboerewors in die dorp

Kom soek nou 'n halwe bees uit — dit kan duurder word.

**As u, net soos ons, in kwaliteit glo, praat ons saam!**

Tye: 7 v.m. — 6 n.m. Woensdae 7 v.m. — 4 n.m.
Saterdae 7 v.m. — 1 n.m.

## VARS VLEISMARK

Lombardstraat 13 (langs Frank's Moto-X-Centre)
Tel. 6485 — Potchefstroom

11

## Arkade Apteek


- Skoonheidsalon
- Internasionale gekwalifiseerde skoonheidsterapeut- en grimeerkunstenaar
- Kosmetiese huise:

| | |
|---|---|
| Dr Payot | Rimmel |
| Ellen Betrix | Roc |
| Max Factor | Yardley |

*Ons lewer oral af.*

Tel. 8543, Edgars Arkade (naby Wimpy Bar)

**SPARNO**
UITRUSTERS



Heet alle eerstejaars welkom in Potchefstroom en nooi ieder en elk na ons sportafdeling.
Ons pryse is die laagste in die dorp. Kom besoek die Puk se sportvriend en oortuig uself by:
**Retiefstraat 44, Potchefstroom**
**Tel: 5513 en 6972.** 4

**Pat's Datsun**


DATSUN NISSAN

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel. 5218 5

**SNYMAN**
SE DRANKWINKEL

- Gratis ys
- Wydste verskeidenheid skaars wyn- en dranksoorte om van te kies.
- Glase vir elke geleentheid
- Roosters vir daardie groot braaivleis
- Meer as 80 soorte whisky om van te keur
- Flinke, vriendelike, stiptelike aflewering

Van Riebeeckstraat 127, Potchefstroom
6 Tel: 5201




Voorspoed vir die nuwe jaar word u toegewens deur

7 *Rika Venter*
*Kunsgalerye*



Bring vanjaar besondere vreugde in u huis met een (of meer) van ons nuwe reeks pragtige skilderye.

Besoek ons in die Checkerssentrum, te Potchefstroom (telefoon 4018), tans onder nuwe bestuur van Ans Bezuidenhout. Ook met u binnenshuise versieringsprobleme gee ons gratis advies.

19 Museum

20 Dorpsbiblioteek

21 Hoofposkantoor

22 Polisiestasie

10

Flip Jones
en
Willie van Rensburg
van
**SANLAM**

WENS U STERKTE TOE MET U AKADEMIESE LOOPBAAN.

**Tel. 25511**

9

**J P van der Walt Apteek**

*Ons spesialiseer in*
- Fotografiese ware

*Ons het ook*
- Sakrekenaars
- Medisyne

**Kerkstraat 118 — Tel. 3237**

8

Kry vir jou 'n
**SUZUKI**
petrolbespaarder. U kry 'n R20 bonusobligasie, gratis helm en gratis Suzuki-tas met elke aankoop.
**FRANK'S MOTO-X**
**Lombardstraat 13 — Tel: 5723**

**FA — R379**
**FS — R459**
**FZ — R529**



PUK
DIE TRUST BANK

se bestuurder, Bully Smit nooi u vir 'n geld-geselsie oor 'n koppie tee.
Inloma-gebou Esselenstraat 9.
Tel. 4626

DIE TRUST BANK 1

Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank

McKINSTRY SCHONFELDT & VENNOTE 8881/01

BULT SLAGHUIS

... WAAR MENSE NET EENVOUDIG TUIS VOEL!!

BESPAAR NOU!!

| | WAS | NOU |
|---|---|---|
| SAGTE BIEFSTUK per kg .. | R4,00 | R3,50 |
| SOUTVLEIS per kg ....... | R4,00 | R3,50 |

Kom soek gerus u vleis vir massa-aankope self uit. 2

Von Wiellighstraat, Tel: 2-1841, Potchefstroom

Die Bestuurder en personeel van
VOLKSKAS BEPERK
Noordbrug (Potch)-tak

wens graag alle studente 'n aangename en suksesvolle akademiese jaar toe.

ARBEIDSAAMHEID 3

TOMSTRAAT 98
POTCHEFSTROOM
2520

POSBUS 20160
2522 NOORDBRUG
TELEFOON 4237

Insleep Geskenkwinkel
Ons wens u 'n suksesvolle akademiese jaar toe.
Tomstraat 100
Tel: 6039 22


FOTOKUNS 21
Tomstraat 82
Tel: 5985

Uitsig Restaurant 20
- Wegneemetes
- Gekookte middagetes
- Hamburgers, worsbroodjies, ens.

Uitsig Arkade

23 Onderwyskollege Potchefstroom

24 Damontspanningsoord




TOPS
Uitsig Deurloop, Tomstraat

VIR ... 19
- REKENAARS Casio en Sharp
- WIT JASSE
- DISSEKTEERSTELLE

*Skoonheidsmiddels, Toiletware Geskenke ens. ens.*

Bult Apteek 17
en Medisynedepot
Ons voorsien:
- Disseksiestelle
- Toiletware
- asook Revlon, Yardley, Old Spice ens.

Tomstraat 88b, Tel: 25344/5.

*Wat benodig studente??*
Noem dit — ONS het dit!
HUIS EN TUIN
Tomstraat 82 Bult 18

Wesvalia Boekhandel

*Baie welkom!*
Ons voorsien in: 16
- Universiteitshandboeke
- Skryfbenodigdhede
- Pukléers en -sakke

*Alle rekenings welkom*

Tomstraat 84 — Tel: 6660

# STUDENTEGEMEENSKAPSDIENS

## Hoe word ek lid van SGD?

**IN die Studentesentrum is daar 'n uitstalling van SGD waar ons probeer om 'n duidelike voorstelling te gee van wat alles hier gedoen word. By die uitstalling sal 'n vorm beskikbaar wees (sowel as op ander sleutelpunte op die universiteitsterrein) waarop jy jou naam, adres en ander besonderhede kan invul en aan ons pos.**

Voordat jy kan begin met jou werk, bied SGD 'n opleidingskursus aan om jou te oriënteer ten opsigte van wat jou te doen staan, en hoe jy te werk moet gaan. 'n Mens moet 'n goeie agtergrond hê oor die wêreld van die verstandelik gestremde, of die voor- en afkeure van bejaardes, of oor die omstandighede en ontwikkeling van die Kleurlinge en Swartmense in en om Potchefstroom, voordat jy daarin sal slaag om 'n sinvolle diens te lewer. Studente wat wil klasgee, moet eers meer weet van onderwysmetodes voordat hulle voor 'n klas kan staan. Die tipe opleiding sal dus van projek tot projek verskil.

Hierna sal die projekleier van die projek waaraan jy wil deelneem jou gaan voorstel aan die mense wat jy gaan help en hy gaan jou help om op dreef te kom. Gereelde vergaderings word hierna gehou om te rapporteer hoe jy vorder, raad te vra en saam te help bou aan jou projek.

Dit is besonder belangrik dat SGD-lede getrou en konsensieus sal wees, anders word die vertroue wat die gemeenskap in ons stel, vernietig — buitendien breek ons moontlik dan af waar ons eintlik wou probeer opbou.

As jy daarin belangstel om te kom help om ander te help, hou die kampus dop, of anders, bel die SGD-kantoor gedurende kantoorure. Ons nommer is 8018.



• *Die vrouevereniging aan die Universiteit, Aster, het einde verlede jaar kospakkies gegee aan elke lid van die PU Militêre Eenheid wat na die Operasionele Gebied vertrek het. Op die foto gee die voorsitster van Aster, mej Elsie Yssel, 'n pakkie aan 2de lt Hendrik Venter (regs). By hulle is 2de lt Frans Dreyer (links) en sers Dawid Conradie met hulle pakkies. Aster het vroeg verlede jaar ook geskenkspakkies gestuur aan lede van die Regiment Potchefstroom Universiteit toe hulle by die Grens was.*

# SGD ontstaan uit behoefte om ander te help

**BY SGD word die gewone orde van die studentelewe eintlik omgedraai. Waar 'n studentevereniging gewoonlik ontstaan om die student se behoeftes te voorsien, het SGD ontstaan uit die studente se begeerte om in ander se behoeftes te voorsien. SGD is nog maar 'n jong organisasie, maar die tipe aktiwiteite wat hier plaasvind, was nog altyd deel van 'n gesonde studentelewe. In 1979 is egter beslag gegee aan 'n oorkoepelende organisasie wat wil waarborg dat hierdie meelewing van die studente nie ophou as die student sy studies voltooi en hier weggaan nie. Nou werk elkeen in sy spesifieke terrein saam om 'n blywende diensverhouding op te bou met die gemeenskappe in en om Potchefstroom.**

Die aard van die projekte wat aangepak is, is so uiteenlopend soos die studente wat hier werk en die verskillende gemeenskappe waar die dienste gelewer word. Die motivering en uitgangspunte is egter altyd dieselfde: ons is Christenjongmense wat die krag en gawes wat die Here ons gegee het, wil aanwend om ander wat minder bevoorreg is, te help.

SGD werk in drie gemeenskappe: blank, bruin en swart. In die blanke gemeenskap werk ons saam met ander welsynsorganisasies soos die Kindersorgvereniging, die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie en die Geestesgesondheidsvereniging. In Promosa is daar verlede jaar 'n tak gestig van die Kleurling-welsynsorganisasie BABS (Build A Better Society) en SGD werk nou met hulle saam. In die swart woonbuurt, Ikageng, en op die plase rondom Potchefstroom het SGD ook skakeling met skole en organisasies. Dié dienste sal vanjaar nog heelwat uitbrei.



• *Studente luister aandagtig na 'n geskiedenisles wat deur Daleen Coetzee aangebied word. Sulke ekstra klasse word deur SGD gereël. Enige student wat belangstel om te help daarmee moet met SGD daaroor gesels - hulle kantoor is in die studentegedeelte van die studentesentrum, op die eerste vloer.*

# SGD het ook projekte in Potchefstroom self

**SGD het ook in Potchefstroom self projekte onder die bejaardes, kinders, verstandelik gestremdes, ens. Met meer hulp kan hierdie projekte meer uitgebrei word.**

In die gemeenskap is daar baie bejaardes wat nie in tehuise is nie en baie eensaam is. Sekere noodsaaklike behoeftes van hierdie mense bly ook onvervul. SGD benodig studente om by die bejaardes te kuier,' om te help om sekere behoeftes te vervul, bv. vervoer na kerke en reparasies in huise. Daar kan ook uitstappies vir die bejaardes gereël word.

Die E.S. le Grange is 'n sentrum vir verstandelik gestremde kinders. Studente word hier gebruik in die klasse om die onderwyseresse behulpsaam te wees en by die koshuis om te help met toesig.

In die samewerking met die Kindersorgvereniging het die studente reeds 2 kinderklubs aangebied. Die een is vir kinders 2-8 jaar en die ander is vir meer senior kinders. Studente kan hier behulpsaam wees deur programme vir die kinders aan te bied. H.O.D.-studente word veral benodig. Die doel van die klubs is om omgewingsgestremde kinders te help aanpas.

Gedurende hierdie jaar wil ons poog om nog 'n paar projekte tot stand te bring.

Studente word hier benodig om met hierdie kinders te kommunikeer. Daar moet uitstappies vir hulle gereël word. Ons beoog ook om 'n skoolverlaterskamp te hou asook kampe waarop daar oor aktuele sake gesels kan word.

Daar word beoog om te help met geldinsameling om in meer van hierdie kinders se behoeftes te voorsien.

By die Witrandinrigting word studente benodig om smiddae te help met naskoolse bedrywighede. Ons wil 'n Kinderkunskompetisie hou — die tekeninge sal aan Witrand geskenk word vir die kindersale. Ons benodig studente om met die organisasie van die projek te help.

Daar is instansies in die gemeenskap wat 'n groot gebrek aan fondse het by Geestesgesondheid. Ons wil poog om aksies te organiseer om geld vir die instansies in te samel. Studente kan op kommissiebasis geld vir SGD of spesifiek vir 'n instansie insamel.

# SGD en BABS werk in Promosa

**IN Promosa, die bruin woongebied buite Potchefstroom is daar verlede jaar 'n selfstandige welsynsorganisasie gestig, nl BABS (Build a Better Society). SGD werk baie nou saam met BABS in 'n aantal van hulle projekte. Die skoolvoedingsprojek en die ouersorgprojek bestaan al die langste. (Studente word in groot getalle benodig om leiding te verskaf). Daar is reeds 'n dramavereniging en in 1980 is twee toneelstukke opgevoer. Balletklasse is ook aangebied. Die belangstelling in musieklesse loop hoog. Klavier, blokfluit en ghitaar is die gewildste instrumente. Studente met goeie musiek-, drama-, of balletopleiding word dringend gevra om hulle beskikbaar te stel as onderwysers. Redenaars is ook baie welkom. SGD soek verder na mense wat met oulike idees oor vryetydbesteding — veral vir jong mense in Promosa.**

Sport en ontspanning is 'n verdere prioriteit. Helpers word gesoek vir die afrigting van netbal, hokkie, rugby en atletiek noudat die atletiekseisoen aangebreek het. Afrigters van alle items word nou benodig.

Naas BABS werk SGD ook nou saam met die skole in Promosa. Ekstra klasse word by die hoërskool aangebied in feitlik elke skoolvak.



• *'n Groepie skoliere van Promosa op die punt om weg te spring in 'n lenteloop. SGD het gehelp met die organisasie daarvan.*




## PU-sportsoorte

1. Aikido
2. Atletiek
3. Dameshokkie
4. Gewigoptel
5. Gholf
6. Gimnastiek
7. Judo
8. Jukskei
9. Kanovaart
10. Karaté
11. Krieket
12. Landloop
13. Manshokkie
14. Muurbal
15. Netbal
16. Onderwaterhokkie, duik en visskiet
17. Ontspanningsgimnastiek
18. Paraplegiese Sport
19. Pluimbal
20. Rolbal
21. Rugby
22. Skerm
23. Snoeker
24. Sokker
25. Stoei
26. Swem en Waterpolo
27. Tafeltennis
28. Tennis
29. Toutrek
30. Trampolien, Tuimel en Dubbelmini
31. Trapkar
32. Valskerm
33. Vlugbal

# PU-sport spog met uitstekende fasiliteite

**DIE Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys speel 'n leidende rol op die sportvelde.**

'n Student se akademiese opleiding verg baie hoë geestelike inspanning en daarom beskou hierdie Universiteit gesonde ontspanning as 'n noodsaaklike deel van die studentse studentelewe. Die Sportburo van die Universiteit is gevolglik daar gestel om toe te sien dat gesonde sportbeoefening op 'n georganiseerde basis oor 'n wye veld plaasvind. Terselfdertyd word die potensiële uitblinkers in die verskillende sportsoorte deur net die beste afrigting tot toppresteerders ontwikkel.

Die Universiteit spog met een van die skilderagtigste sportkomplekse in Suid-Afrika, geleë langs die Mooirivier. Die kompleks sluit voldoende rugbyvelde, 'n atletiekbaan, krieketvelde, tennisbane, hokkievelde, netbalvelde, rolbalbaan, landloopbaan en swembad in. Die pasvoltooide Studentesentrum huisves die binnemuurse sportkompleks waar gimnastiek, tuimel, trampolien, muurbal, pluimbal, stoei, tafeltennis, karaté, judo, skerm, binnemuurse hokkie, binnemuurse netbal, aikido, vlugbal en gewigoptel beoefen kan word.

Die Universiteit se sportspanne is nie net gedugte teenstanders in die plaaslike ligabyeenkomste nie, maar is ook 'n krag waarmee rekening gehou moet word in die Suid-Afrikaanse Universitêre kompetisies. Intervarsity tussen die PUKKE en die KOVSIES het 'n tradisieryke verlede wat oor meer as 'n halfeeu strek. Daar is ook 'n jaarlikse intervarsity met RAU.

Daar word jaarliks 'n aantal Sportmerietebeurse beskikbaar gestel vir voornemende studente met besondere sportpotensiaal. Enige voornemende student met bogemiddelde sportaanleg is vry om aansoek te doen vir beurse by: Die Direkteur en Uitvoerende Voorsitter, Sportburo, PU vir CHO, Potchefstroom.









*● Links bo: 'n Kussinggeveg oor die Mooirivier by die Fanie du Toit-sportterrein tydens Karnaval. Regs bo: Kaap-na-Rio: 'n vlotkompetisie by die Damontspanningsoord tydens Karnaval. Links onder: Landlopers in aksie op die Fanie du Toit-sportterrein. Regs onder: Montiumklimmers op een van hulle gereelde uittogte na die berg.*

# PU se afrigters:

**PRESTASIE op die sportveld word nie net gemeet aan goeie sportmanne/vroue nie, maar ook aan die standaard van afrigting. Die PUKKE is in dié opsig baie bevoorreg om oor die dienste van die bekendste en bekwaamste afrigters in die land te beskik.**

**● Atletiek**
Christo Snyman — bekende afrigter van Springbokke soos Tinus van Wyk en Willie Smit
Jos Sirakis — afrigter van wêreldrekordhouer Gert Potgieter en bekende Springbokke soos Poen Prinsloo, Dok Malan, Elridge Lansdell, Denise v/d Linde, Eugene Bräsler (Short) en nog talle ander.

**● Karaté**
Braam Peens en Harold Wagner, Springbokke wat albei oor 'n 3de dan beskik wat in Japan verwerf is.

**● Gimnastiek**
Pieter Louw — Assistent Nasionale Afrigter wat in Duitsland gekwalifiseer het.

**● Dameshokkie**
Katie Niewenhuis — Gewese Vrystaat en huidige Wes-Transvaalse speelster en Kaptein.

**● Krieket**
André Laas — Gewese Vrystaatspeler..

**● Rugby**
Dirk de Vos — Springbokskrumskakel
James Stoffberg — Doen ook afrigting in Italië. (Voormalige W.T. Kaptein).

**● Swem**
Charl Meyer — Springbok.

# Die Puk wemel van alle soorte verenigings!

**— Elize Olckers —**

**SOOS op elke ander kampus in die land, is daar op die Puk ook 'n hele aantal verenigings waaraan studente kan behoort om die studentelewe — weg van die akademie — op te kikker. Sommige van die verenigings resorteer onder die Akademiese Raad en andere weer onder die Kultuurraad.**

Van die verenigings onder die Akademiese Raad is die volgende:

### Caritas

Caritas, oftewel die vereniging vir die Maatskaplike Werkstudente. Hierdie vereniging se doel is kortliks die vorming en uitbouing van 'n beroepspersoonlikheid van die Maatskaplike Werkstudent. Verder lewer hulle, as studentegroep, diens aan hulpbehoewendes en skakel hulle ook met ander studenteorganisasies. Hulle hou ook naweekkampe en sluit elke jaar af met 'n afsluitingsdinee.

### PASV

Die Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging is uitsluitlik vir die aptekerstudent, maar elke ander Puk is ook welkom om hulle interessante byeenkomste by te woon. Te oordeel aan die PASV se aktiwiteite is die vereniging 'n moet vir alle aptekerstudente. Dit dek 'n wye veld wat wissel van gesondheidsweek, diens in noodklinieke, gemeenskapsdiens in tuislande tot 'n intersportdag, geselligehede, toere en vlotbou. Afgesien van al die dinge word die aptekerstudente saamgesnoer tot 'n eenheid deur noue skakeling onder mekaar en ook met dosente.

### Natuurlewe

Die Natuurlewevereniging is daar vir elke natuurliefhebber op die Puk, of jy nou Dierkunde en Plantkunde swot of te nie, jy is welkom daar. Die vereniging hou gereeld vergaderings waartydens skyfies oor allerlei dinge wat op die natuur betrekking het, vertoon word. Daar word ook gereeld braaivleise en ander uitstappies en kampe gehou om a n die student se verlange na die natuur te voldoen.

### SRVP

Die Studente Regsvereniging van Potchefstroom is daar om elke toekomstige regsgeleerde tuis te laat voel tussen sy mense. Daar word 'n regsdag gehou, 'n interuniversitêre regskongres en met Karnaval het die regstudente dan ook hulle eie vlot.

Die Kultuurraad is daar met die doel om die Pukstudente se belange te behartig wat betref kultuur, ontspanning en vermaak en om hulle tussen hierdie lyne vermaak en kultuur te verskaf.

### Alabama

Onder die Kultuurraad val daar dan ook 'n hele paar verenigings waaraan die student kan behoort. Van dié verenigings is die Alabama Studentegeselskap seker die bekendste. Oudisies word aan die begin van elke jaar gehou en as jy dink jy het enige potensiaal om te sing of om komediant te wees of om met die tegniese sy te werk, sal Jans Jonker en sy mense maar te bly wees om van jou te hoor.

### Koor en Thalia

Onder dieselfde talentgroep val natuurlik die PU-koor waar jy ook na hartelus kan gaan sing. Thalia, die toneelgroep is ook gedurig op die uitkyk vir die André Hugenots en Wena Naude's van môre.

### Montium

Montium is die, kan mens maar sê, 'bergklimvereniging van die Puk'. Daar word toere en uitstappies gereël en as jy by een Montium was wil jy nie die ander mis nie. By die Skrywerskring kan jy weer van jou skryftalente ontslae raak en ook 'n kans staan om 'n oulike prys te wen.



*● Lede van die skaakklub in aksie by die skaakbord in die studentesentrum wat vanjaar vir die eerste keer gebruik gaan word.*